

ROOIVLEIS

Statutêre heffing in oënskou

DIE statutêre heffing vir 2020-'21 in die rooivleisbedryf, wat volgens mnr. Koos van der Ryst, voorsitter van die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO), tans 0,05% van die omset in die primêre sektor beloop, het op die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) se konferensie buite Stellenbosch in die soeklik gekom.

Van der Ryst het op die konferensie gesê ingevolge die huidige bedeling is min producente in die rooivleiswaaardeketting daartoe in staat om 'n wins te toon. Wins en kontantvloei is onder groot druk.

“Ons moet hoër winsmarges in die waardeketting behaal. Dit moet die gemeenskaplike doel van 'n toekomstige heffing wees.”

Van der Ryst het gesê die hele proses moet by die rooivleisprodusent begin. “Daar is geleenthede om beter marges moontlik te maak, maar finansiering is nodig om die bedryf vorentoe te vat. Sekere ingrypings moet dus plaasvind en dié ingrypings moet deur middel van 'n heffing gefinansier word. Verder moet die stappe gemeet kan word – ons wil die bewyse van vordering sien en daar moet goeie opbrengste met ons beleggings behaal word. Dit sluit uitvoermarkte in.”

Van der Ryst het gesê dieregesondheid en naspeurbaarheid is belangrik om die volhoubare voorsiening van rooivleis moontlik te maak. Albei dié aspekte is deurslaggewend.

Hy meen die rooivleisbedryf moet die beheer van aangeleenthede ten opsigte van dieregesondheid oorneem met behulp van private en openbare vennootskappe met die regering. “Die regering het nie die vermoë om dieregesondheid in stand te hou of die verbruiker daarvan te verseker dat sy/haar vleis veilig vir gebruik is nie.”

Hy het die regering versoek om die rooivleisbedryf in dié verband te ondersteun deur die betrokke wetgewing toe te pas.”

Van der Ryst het op die belangrikheid van volhoubare produksie en tegnologie gewys indien die bedryf internasionaal mededingend wil bly. Hy het gesê navorsing en ontwikkeling met die klem op praktiese ontwikkelingsprojekte, 'n geïntegreerde transformasieplan en die noodsaaklikheid van skakeling binne die bedryf en onder belanghebbendes om die formulering van beleid te verseker, moet ook ingesluit word by die funksies.

Van der Ryst het gesê rooivleisboere het 'n mandaat om die huidige heffing te verdubbel indien nodig, op voorwaarde dat dit in pas met die RPO se vyf-jaarstrategiese plan is.

SA VS. AUSTRALIË

Die RPO het mnr. Jason Strong, hoofbeampte van Meat and Livestock Australia (MLA), genader om 'n die toepassing en omvang van Australië se statutêre heffing vir hul rooivleisbedryf met toestande in Suid-Afrika te vergelyk.

Strong het daarop gewys dat die landbou-omgewing in Suid-Afrika baie van dié van Australië verskil. Australië se regering is meer gestruktureerd en speel ook 'n groter rol in die dienste wat aan die landbou gelewer word as wat die geval in Suid-Afrika is. In Australië is die meeste van die dienste wat aan die rooivleisbedryf gelewer word, saam met die regering ontwikkel.

'Die regering het nie die vermoë om dieregesondheid in stand te hou of die verbruiker daarvan te verseker dat sy/haar vleis veilig vir gebruik is nie.'

Hy meen die rooivleisbedryf in Suid-Afrika is daarom in 'n groot mate op homself aangewese en verplig om na sy eie belange om te sien. 'n Ander groot verskil tussen die twee lande is die feit dat die Australiese rooivleisbedryf uitvoergedrewe is. Dié land is 'n netto uitvoerder en 70% van binnelandse produksie is vir die uitvoermark bestem. Min vleis word ingevoer.

Volgens Strong hou die feit dat die Suid-Afrikaanse rooivleisbedryf grootliks vir die binnelandse mark produseer, die gevaar in dat sekere standaarde in die bedryf nie heeltemal so hoog is as wat die geval is wanneer daar 'n uitvoermark is waarop klem gelê moet word nie.

Strong het gesê dat indien die Suid-Afrikaanse bedryf vorentoe wil beweeg, die uitvoermark 'n logiese keuse is. Die land het reeds 'n voordeel omdat die Suid-Afrikaanse bedryf internasionaal mededingend is ten opsigte van pryse.

Die plaaslike koopkrag is weens ekonomiese redes aan die taan. Die land se gebrek aan 'n naspeurbaarheidstelsel is egter 'n beperkende

faktor om die uitvoermark te betree.

Hy het gesê dit is daarom belangrik dat die Suid-Afrikaanse rooivleisbedryf die statutêre heffing as 'n belegging sien en nie as 'n las nie.

In Australië het die plaaslike verbruik van rooivleis oor die afgelope 20 jaar gedaal. Die rooivleisprodusente het in daardie tyd ook 'n statutêre heffing betaal, maar verbruik het steeds gedaal. Die rede daarvoor is dat verbruikers gemeen het vleis is te duur.

Daarom moet die Suid-Afrikaanse bedryf versigtig wees wanneer dit kom by die bepaling van 'n doelwit. Om 'n netto uitvoerder te wees, kan dalk nie die regte doelwit wees nie.

Volgens hom het die waardeketting meer finansiering nodig om groter wins te toon. Die hoofdoelwit van 'n statutêre heffing moet daarom wees om groter winsmarges in die waardeketting te behaal. 'n Styging in vleispryse is die ideaal.

In Suid-Afrika is daar heelwat fragmentasie in produksie. Strong meen die statutêre heffing moet op 'n ander manier ingewin word.

Strong het aanbeveel dat die Suid-Afrikaanse rooivleisbedryf ook die aanwysing van taakspanne oorweeg aangesien die land se waardeketting so ingewikkeld is.

RESOLUSIE

Die RVAV het besluit dat hy sal deelneem aan die proses om die nuwe heffing af te handel.

Die aansoek moet teen November vir aanbeveling aan die Nasionale Landbouemarkingsraad gestuur word sodat die nuwe heffing teen November 2020 in werking gestel kan word.

'n Onafhanklike vleisinspeksiediens; vleisklassifikasie; 'n bykomende graderingstelsel en residu-monitoring kan 'n groot rol speel ten opsigte van die verbruiker se behoefte aan volle deursigtigheid.

Die nuut gevormde primêre groepering bestaande uit al die organisasies wat die belangrikste belanghebbendes, naamlik die RPO, die opkomende rooivleisprodusente-organisasie (Nerpo), die SA Voerkraalvereniging en die RVAV, maak juis sin omdat dié belanghebbendes vennote is.

Die statutêre heffing moet bekostigbaar wees, vordering moet meetbaar wees en 'n regverdige opbrengs met beleggings moet behaal word, het Van der Ryst gesê. **LBW**



HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY
TEL. 012 349 1102. E-POS: rpo@fantic.net. WEBWERF: www.rpo.co.za.